**PASTORALE BERADINGSKURSUS**

**ZOOM-AANBIEDING – 20 FEBR 2024**

***PASTORALE BEGELEIDING RAKENDE DIE IMPAK VAN OORGEËRFDE FAMILIE TRAUMA (GENERASIE BAGASIE)***

**Prof Wentzel Coetzer**

Die problematiek rondom oorgeërfde familie trauma (generasie bagasie of intergeneratiewe trauma) hou verband met die feit dat ouers dikwels deur intense trauma gaan sonder die nodige hulp en begeleiding. Dit kan ‘n proses wees wat oor jare strek en die kinders en kleinkinders wat dan binne so ‘n familie opgroei, word uiteindelik op talle wyses geraak deur die impak van hierdie onverwerkte trauma – onder andere ouerlike vaardighede wat in die slag bly. Indien sodanige trauma nie hanteer word nie dan toon die navorsing dat dit as’t ware ‘n ‘pakkie pyn’ word wat onbewustelik aan kinders en kleinkinders ‘oorhandig’ word – dit kan weer lei tot probleme op emosionele, geestelike of fisiese terreine. Vanuit die navorsing blyk dat ‘n geneagram ‘n handige hulpmiddel kan wees ten einde te probeer vasstel hoeveel onverwerkte pyn en trauma binne ‘n sekere familie aanwesig mag wees – hoe gesond of hoe sieklik die algemene milieu dus was waarbinne ŉ spesifieke individu gebore was.
Bronne waarop in besonder gefokus word, is die volgende:

- Die Christen psigiater, Dr Kenneth McAll se boek, *Healing the family tre*e. Vanuit ongeveer 600 gevalle vanuit sy praktyk van 40 jaar bespreek hy verskeie voorbeelde en integreer hy sy benadering met pastorale beginsels.
- Die Christen psigiater, Dr Paul Meier en andere se boek, *Blue genes*. Onder andere word gefokus op die rol van genetiese faktore.
- Die psigiater, Dr Mark Wolynn se boek, *It didn’t start with you*. Hy gee talle praktiese riglyne asook ŉ basiese model vir die begeleiding van beradenes wat blyk te worstel met die pyn van onverwerkte trauma in hul families.
- Besondere perspektiewe kom ook aan die orde vanuit die Christen outeurs Carder, Henslin, Townsend, Cloud & Brawand se boek, *Secrets of your family tree: healing for adult children of dysfunctional families.*
- Vanuit die boek deur Stoop en Masteller, *Forgiving our parents, forgiving ourselves*, is daar ook ‘n aantal toepaslike perspektiewe geïdentifiseer.

- Die boek deur Yael Danieli (red), *International handbook of multigenerational legacies of trauma* met sy 38 verskillende outeurs wat in 38 hoofstukke vanuit verskillende dissiplines bydraes lewer rondom die tema van intergeneratiewe trauma, is waarskynlik een van die mees omvattende werke rakende hierdie tema. Talle insiggewende perspektiewe vanuit hierdie publikasie word geïnkorporeer in hierdie kursus.
- Wat die pastoraat betref is daar verskeie ander bronne waarvan die inhoud ook aan die orde kom in hierdie kursus. Hier word onder andere gewys op die besondere klem van ŉ godsdienstige ritueel soos die Nagmaal as deel van ŉ pastorale begeleidingsproses rakende trauma en verliese binne families (die Christen psigiaters William Wilson en Kenneth McAll het in hierdie verband besondere bydraes gelewer).

Teen die agtergrond van ŉ groot verskeidenheid van bydraes vanuit verskillende dissiplines word daar uiteindelik ŉ aantal pastorale riglyne en benaderings geformuleer vir die begeleiding van individue, gesinne en families waar intergeneratiewe trauma en emosionele verwonding aan die orde is.

**Kursus oop vir almal:** Geen toelatingsvereistes nie.
**Datum:** Dinsdag 20 Februarie 2024.
**Tyd:** 09.00 – 13.00
**Akkreditering:** 5x VBO punte – 5x CPSC punte – 5x AFM PCD punte
**Koste:** R250 pp
**Handboek te koop (opsioneel):** R200 (plus R120 koerier koste)
**Navrae:** 0836600409 of e-pos: wentzelc@gmail.com
**Volg die kursus op ŉ latere datum:** Persone wat nie die betrokke oggend die kursus kan bywoon nie, kan nogtans registreer en dan agterna ŉ skakel ontvang om in enige latere stadium weer die kursus te volg.
**Om te bespreek:** U kan op die volgende skakel klik vir registrasie:

**https://forms.gle/roCPVizYbsLS2CzC8**